
# Nie In Jou Eie Krag Nie





**2020-05-17**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

## INLEIDING

- Ons probeer meestal ons probleme in ons eie krag uitsorteer.
- Baie keer bekommerd, bevrees, benoud.
- Ons vergeet van God se krag
- Eie krag vs God se krag
- Ons eie krag is nietig.

**IN GOD SE KRAG**



# Skrifgedeeltes

- 1 Pet 5:7
- Mar 8:34
- Hand 1:8



## LAAT DIT GAAN – GOD SAL VIR JOU DEURKOM

- Moet nie so vashou aan jou probleme en uitdagings nie.
  - ***1Pet 5:7  Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.***
  - ***Amplified:  casting all your cares (all your anxieties, all your worries, and all your concerns, once and for all) on Him, for He cares about you (with deepest affection, and watches over you very carefully)***
- Hy gee om vir jou en kyk met groot sorg na jou. (deepest affection)
- Hy wil jou verlos van jou bekommernisse en dit op Hom neem.  Gooi dit weg na Hom toe.
- Bekommernisse trek jou aandag weg van God af.

## LAAT DIT GAAN – GOD SAL VIR JOU DEURKOM

***Mat 6:25  Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?***

***Rom 8:28  En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.***

***Hand 21:14  Toe hy dan nie oor te haal was nie, was ons tevrede en het gesê: Laat die wil van die Here geskied!***

## WERK AAN DIE "EIE EK"

- Die ou mens moet sterf.
  - ***Mar 8:34  En toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.***
- Jou eie belange en regte moet opsy gesit word.
- Om jou kruis op te neem beteken jy is gewillig om vir die Here deur te maak wat ookal kom.
  - Jy volg Hom.
  - Verander na Sy voorbeeld.
  - Indien nodig, selfs om te ly of te sterf vir jou geloof in Jesus.

## NIE IN JOU EIE KRAG NIE

- Simson se val. (***Rigters 16***)
- Hy het gedink hy sal in sy eie krag kan veg.
- Hy dobbel en speel met God se genade en laat toe dat die sonde al hoe nader aan hom kom.
- Simson het dit op 'n duur manier uitgevind.
  - Gedink sy eie krag gaan sy probleme uitsorteer.
  - Verloor sy waardigheid; sy oë; vryheid; geleentheid om God se plan vir sy lewe uit te voer.
  - Hy verloor sy lewe.

## DIE HEILIGE GEES IS JOU KRAG

- Ons het elkeen die Heilige Gees nodig in ons lewens.
  - ***Hand 1:8  maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.***
- Die Heilige Gees sal vir jou krag gee.
  - ***Ef 3:16  dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,***
- Dit maak jou vrymoedig (getuienis).
- Die Heilige Gees sal jou lei en help om oor te gee.

# Afsluiting

- **Rom 8:11** En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453